# HOOFSTUK III.

## DIE ONDERWYSER EN SY OPLEIDING

### 1. INLEIDING.

Cilliè heg baie waarde aan die persoon en die opleiding van die onderwyser. Dit is begryplik aangesien die kwalifikasies van die onderwyser volgens Cilliè so hoog moet wees dat 'n mens inderdaad met eerbied van die onderwysprofessie sal kan praat. Vroeg en laat het hy die onderwysers aangemaan om 'n hoë peil van professionele eerbaarheid te handhaaf. Hy was ook deeglik bewus daarvan dat die gemeenskap 'n professionele mens veral ooreenkomstig sy verdienste skat. Cilliè se idees oor die onderwyser en sy opleiding word in hierdie hoofstuk onder die volgende hoofde saamgevat: Die Professie en status van die Onderwyser; Karakteristiek en opleiding van die onderwyser; Verhoudinge van die onderwyser; Die Skoolhoof en sy assistente; Onderwyserskursus in Kaapland, om dan af te sluit met Samevatting en gevolgtrekkings.

### 2. DIE PROFESSIE EN STATUS VAN DIE ONDERWYSER.

#### (a) Professie.

(i) Wanneer Cilliè sê dat die onderwyser 'n professionele man is, bedoel hy daarmee dat hy iemand is wat deur 'n grondige wetenskaplike onderlegging behoorlik in staat is om onderwys te gee. Vir die werk waarvoor hy opgelei is, moet hy behoorlike besoldiging ontvang. Die professionele man wat hom vir sy lewensroeping bekwaam het, moet ook altyd student bly. Hierdie lewensberoep moet ook van owerheidsweë beskerm

beskerm word (1).

(ii) In die regte en strenge betekenis van die woord is onderwys nie 'n professie soos in die sin waarin medisyne, teologie en regsgeleerdheid 'n professie genoem word nie (2). Die onderwysprofessie behoort sy eie wette en erekodes te hê, wat onderhou en gerespekteer moet word. As dit oortree word, oordeel die georganiseerde professie self. Die professie self oordeel wat professionele gedrag is en wat nie. Die georganiseerde professie behoort ook niemand toe te laat om onderwys te gee wat geen professionele opleiding gehad het nie (3).

(b) <u>Status.</u>

(i) Professioneel het die onderwyser nie 'n status gelyk aan die van byvoorbeeld medici nie, maar hy moet 'n sekere status in die samelewing handhaaf; daarom moet hy die publiek, die owerheid en die ouers van sy leerlinge en die leerlinge self inlig en opvoed aangaande die belangrikheid, die verantwoordelikheid en die moeilikheid van die werk wat hy vir die nasie doen (4).

Die opvoeder moet deur sy opvoedingswerk in die skool en buite die skool die nasie en veral die regeerders van die nasie oortuig dat hy hulle waardering werd is en dat hy op materiële gebied behoorlik beloon moet word (5).

(1) Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1921.
Overn, A.F. : The Teacher in Modern Education. bls. 274. Artikel van C. in Die Unie 1/8/36 bls. 52.
(2) Die Unie 1/8/36 bls. 52. Artikel van Cilliè.
Die Burger 8/12/31. " " "
(3) Ibid.
(4) Artikels van Cilliè in Die Unie 1/6/28 bls. 316, en van 1/5/42 bls. 42.
(5) Artikels van Cillie in Die Unie van 1/7/40 bls. 4, en van 1/10/37 bls. 126.

(ii) Die onderwyser is dan half staatsamptenaar en half vrye burger. Van Provinsiale owerheid ontvang hy 'n vaste betrekking, vaste salaris, pensioen- en verlofvoordele. Hy werk onder Provinsiale regulasies wat nie deur die Uniale Regering bekragtiging nodig het nie. Verder is die onderwyser aan bande gelê. Hy kan bv. nie Provinsiale- of Volksraadslid word nie. Hy mag ook nie aktief aan die politiek deelneem nie. Cillié is van mening dat die opvoeder liewer geen aktiewe deel aan die party-politiek moet neem nie, want dit baat hom niks in sy opvoedingswerk nie. Laat die onderwyser se stille invloed in sy omgewing en in sy klaskamer mense leer om vreedsaam van mekaar te verskil. (1).

3. <u>KARAKTERISTIEK EN OPLEIDING VAN DIE ONDERWYSER.</u>

(a) <u>Sy lewens- en Wêreldbeskouing</u>.

(i) Dit is van die uiterste belang dat die onderwyser 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing moet hê. As die onderwyser 'n opvoeder in die ware sin van die woord wil wees, moet op sy geloofsbrief staan, godsdienssin. Hy moet 'n Godgerigte lewens- en wêreldbeskouing hê, wat ooreenstem met die van die huisgesin waaruit die opvoedeling kom. Daar moet nie kleurloosheid in sy opvatting wees nie. Hy moet iemand met die gesondste en gangbaarste lewensopvatting, met die mooiste, suiwerste en innigste godsdienstige oortuigings wees (2).

(1) Overn, A.F. : The Teacher in Modern Education, bls. 274. Artikels van Cillié in Die Unie van 1/4/38 bls. 403, en van 1/1/34 bls. 166. Taute, B. : Skoolhoof, Assistent en Professie bls. 199.

(2) Artikel van Cillie in Die Uniel/7/40 bls. 4 Die Burger 21/12/34.

Ten alle tye moet die onderwyser geloof hê in Hom wat die lotgevalle van die mens in Sy hand het en onder wie se leiding die opvoeder in nederigheid, doelbewus sy opvoedingswerk wil onderneem.

(ii) Die onderwyser moet geloof in sy medemens, geloof in homself hê, geloof daarin dat die goeie oor die kwade eindelik sal triomfeer (1). As die onderwyser geloof het, kan hy geloof in ander versterk, as die onderwyser karakter het, kan hy ander help om sy karakter te vorm (2).

(iii) Die onderwyser wat voorgee om 'n opvoeder te wees, 'n voorbeeld vir ander om na te volg, laat hy die hoof hoog hou, blymoedig wees, omdat hy hoop het, geloof het, liefde het. Laat hy ander help om lig te soek en lig te sien (3). Om aan die kind die lig te bring, is dit nodig dat die onderwyser die kind en die vak sal ken, maar alle onderwys moet heenwerk na en inskakel by die uiteindelike lewenswaardes (4).

(b) <u>Sy Persoonlikheid.</u>

(1) Die onderwyser se persoonlikheid staan in 'n noue verband met sy lewens- en wêreldbeskouing. Deur sy persoonlikheid moet hy die kind lei en inspireer (5).

(1) Artikel van Cillié in Die Unie 1/5/42 bls. 342.
(2) Artikels " " " " " 1/1/38 bls. 266, en van 1/12/30 bls. 154.
(3) Artikel van Cillié in Die Unie 1/5/42 bls. 342. Ligthart, Jan. : Jeugdherinnerigen bls. 21-22
(4) Artikel van Cillie 1/5/42 bls. 342.
(5) Loubser, J.S. : Notas van Cillié 1921.

Cilliè kan nie 'n definisie van „persoonlikheid" gee nie. Dit word dikwels met indiwidualiteit verwar. „Persoonlikheid" is iemand wat hom gee, indiwidualiteit is iemand wat hom terughou, iemand wat bang is dat hy sy waardigheid sal verloor. Onderwysers is gewoonlik indiwidualiste; hulle is bang vir 'n „infra dignitatem" (1).

Die onderwyser moet iemand wees, wat persoonlikheid, 'n sin vir humor besit; saam met sy leerlinge oor 'n grap kan lag (2). Hy moet 'n vrolike lewenshouding, 'n vrolike lewensbeskouing hê (3).

Hy moet hom in die lewe en plesier van sy leerlinge kan indink, saam met hulle jonk bly. Daar is in die onderwyswêreld nog nie die gees van opgewektheid en blymoedigheid wat onvoorwaardelik onmisbaar by sieleleiers en karaktervorming is nie. Dit is 'n gesindheid, 'n houding wat alleen maar tot stand kom as die opvoeder by homself die ware menseliefde sal aankweek wat terselfdertyd ook liefde tot God is (4).

As 'n onderwyser so behep is met die erns van sy amp en as hy so eerwaardig is en so gesteld is op die eer wat aan sy persoon kleef dat hy nooit eie met sy leerlinge kan wees nie, sal hy nooit die siel van die kind raak nie

(1) Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1921.
(2) Kuyler, H.A. : Notas van Cilliè 1946.
(3) Artikel van Cilliè in Die Unie 1/7/39 bls. 3.
(4) " " " " " " 1/7/21 bls. 2.

en nooit die kind vir die lewe opvoed nie. 'n Onderwyser kan nie van 'n kind 'n mens maak as hy nie self 'n mens is nie (1).

Hy moet doelbewus onder alle omstandighede probeer om sy ewewig te behou, veral wanneer hy topswaar met al die geleerdheid en waardigheid is (2).

Die onderwyser word so maklik daaraan gewoond om op ander neer te sien omdat hy altyd te doen het met kinders wat minder weet en vir wie hy die wet neerlê en van wie hy geen teëstand duld nie. Die opvoeder loop derhalwe die gevaar van 'n oordrewe opinie van homself te kry en daarmee gaan die neiging gepaard om, as dinge met hom verkeerd loop, altyd aan die ander man die skuld te gee (3). Hy moet alles in die lewe, behalwe sy eie persoon in 'n ernstige lig beskou. Hy moet altyd probeer om die ander man - veral die kind - se standpunt te sien, te verstaan en te billik (4).

(ii) Die rede waarom 'n onderwyser persoonlikheid moet besit, is omdat hy vir sy leerlinge die beliggaming van die sedewet is. As die meester iets doen, mag die kind dit hom ook veroorloof; daarom moet hy op sy doen en late pas. Dit word 'n on-omstootlike eis aan die opvoeder dat hy alle deugde moet besit. Die opvoeder is iemand wat altyd in die „Coram publico" werksaam is; daarom moet hy netjies gekleed wees. Dit is daarom dat so baie onderwysers die gevaar loop dat hulle pedante word. Om die

(1) Artikel van Cilliè in Die Unie 1/12/34 bls. 236.
(2) " " " " " " 1/2/41 bls. 234.
(3) " " " " " " 1/4/37 bls. 378.
(4) " " " " " " 1/2/41 bls. 234.

rede moet hulle die mate van persoonlikheid hê, wat hulle bokant diegene verhef, wat hulle moet lei. Hulle moet egter versigtig wees hoeveel en hoe hulle van hulself gee (1).

Cilliè is van mening dat persoonlikheid by die mens aangekweek kan word (2).

(c) <u>Die Eienskappe van die goeie Onderwyser</u>.

(i) Een van die ongeskrewe wette waardeur die skool en onderwyswerk beheers word, is dat die opvoeder 'n voorbeeld vir sy leerlinge moet wees. Die onderwysers neem die wet aan deurdat hulle heel dikwels hulself, hul eie knapheid en werk vir hulle leerlinge voorhou as 'n ideaal om na te strewe. As die opvoeder die stelling aanvaar dat sy werk die doel beoog om die kinders vir die lewe voor te berei, moet hy vir hulle wys hoe om te lewe en moet hy self lewe. 'n Lewe van plesier en singenot beteken die dood. As 'n mens eerlik opbouende vermaak en plesier geniet het, moet dit hom vir sy werk lus gee, sy werk veraangenaam (3).

Op die vraag of die onderwyser 'n voorbeeld vir sy leerlinge kan wees, moet Cilliè bevestigend antwoord. As kinders klein is, doen hulle. Daar kom 'n neutrale periode en by rypheid heg die kind hom aan een of ander onderwyser.

(1) Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1921.

(2) Kuyler, H.A. : " " " 1946.

(3) Adams, John : The Teachers many Parts bls. 237.
Artikels van Cilliè in Die Unie 1/10/22 bls. 86, en 1/3/23 bls. 171.
Taute, Ben : Opvoedende Onderwys bls. 314.

As daar antipatie by die onderwyser teenoor die kind is, kan die kind deur hom in die verderf gestort word. „Woorde wek maar voorbeelde trek," bly altyd waar (1).

Die algemene beginsel moet sterk op die kind afgedruk word, nl. dat hy hom moet hou by die dinge wat by sy ouderdom pas. 'n Opvoeder moet egter daarop let dat sy voorbeeld, sy eie opgevoedheid 'n sterk indruk op sy leerlinge maak. Wanneer onderwysers, bv. rook, moet hulle selfs daarmee respek afdwing (2).

(ii) Aan die „nuperrima intrantibus" tot die professie wil Cilliė meedeel dat hulle mensesiele gaan opvoed. Hy wil hulle vra wat hul geloofsbriewe is. Die geloofsbrief is nie die sertifikaat en ook nie die getuigskrif nie. Hierdie dinge is uiterlike goed wat dikwels nie veel werd is nie. Die geloofsbrief moet wees die eie opvoeding, die eie opgevoedheid, die eie karakter wat vir die wordende mens 'n model moet wees om syne na te modelleer.

Op die onderwyser se geloofsbrief moet verder staan: Geesdrif vir sy werk (3).

(iii) Die opvoeder moet die kind, en veral die arm en minderbevoorregte kind, inspireer en aanmoedig deur in persoonlike aanraking met hom te kom. Die meester moet nie gedurig steun en

(1) Loubser, J.S. : Notas van Cilliė 1921.

(2) Artikel van Cilliė in Die Unie 1/9/35 bls. 39.

(3) Artikels " " " " " 1/1/38 bls. 266, en 1/12/30 bls. 154.

kreun oor sy werk nie maar hy moet sy werk met blymoedigheid en opgewektheid doen om sodoende die kind aan te steek om dieselfde te doen (1). In nege uit die tien gevalle neem die volwasse mens dieselfde houding teenoor sy lewenstaak in as wat sy onderwyser teenoor sy werk ingeneem het (2).

Op opvoeders wat aspirant-onderwysers oplei, rus in hierdie opsig 'n groot verantwoordelikheid, omdat so baie van hulle leerlinge hulle manier en hulle gesindheid in hul onderwys gaan volg (3).

Vir die lui onderwyser is daar geen plek in die opvoeding en onderwys nie, nou en tot in der ewigheid. Die inspirasie moet by die opleiding begin. By die strewe daarna word nie genoeg rekening met die menslike natuur gehou nie (4). Die opvoeder kan alleen andere inspireer as hy volgens regte waardes leef deur te soek na waarheid, na wat goed en mooi is, omdat daar soiets as deug is (5).

(iv) Die volgende eis vir 'n opvoeder is dat hy gesond, sterk en mooi moet wees. Wat Cilliè by mooi bedoel, is dat hy 'n mooi gesonde houding vir sy klas moet aanneem. Die wetenskap het nou sover aangaande gesondheid gevorder dat dit letterlik vir iemand onder veertig jaar onnodig

(1) Artikel van Cilliè in Die Unie 1/2/28 bls. 210.
(2) " " " " " " 1/2/44 bls. 184.
Die Burger 11/7/18.
(3) Artikel van Cilliè in Die Unie 1/2/38 bls. 210.
(4) Ons Land 27/5/22 en 22/12/27. Artikels van Cilliè.

geword het, tensy die siekte of kwaal oorgeërf is, om siek te wees. As 'n onderwyser voor 'n klas van kinders wil staan en daar waardig as iemand wat moet lei, as 'n model wil staan, moet hy gesond wees, gesond voel, gesond lyk, gesond praat en gesond handel (1).

As hy 'n kunstenaar moet wees om goeie onderwys te gee, kan hy dit met 'n sieklike liggaam nie doen nie (2).

(v) Die onderwyser is die werklike leier van die volk, omdat almal op die fondament wat hy gelê het, bou. Die eerste denkers het tot die gevolgtrekking gekom dat die skoolmeesters van die wêreld vandag wêreldvrede deur leiding wat hulle moet gee, moet bewerkstellig. Die opvoeder moet 'n onbaatsugtige, onbevooroordeelde leier wees. Hy lei omdat hy nie anders kan nie. Hy lei by die grasie Gods. Hy lei deur sy voorbeeld, sy woorde, sy dade, sy hoof, sy hart. Hy lei in stilte. Hy lei padlangs. Hy lei na ideale (3).

As die opvoeders werklike leiers is, moet hulle in elke kind wat skrander of dom is, die moontlike leier van die land sien. As die onderwyser andere wil lei, moet hy self kennis besit, opleiding geniét het (4).

(1) Ons Land 22/12/27. Artikel van Cilliè in Die Unie 1/2/28 bls. 210.

(2) Putter, H.P. : Paedagogiese Fragmenten bls. 48.

(3) Artikels van Cilliè in Die Unie 1/11/27 bls. 114, en van 1/3/32 bls. 315.

(4) Die Burger 11/11/15, 2/7/20. Artikels van Cilliè. Die Unie 1/1/26 bls. 191. " " "
Coetzee, J. Chris : Die Moderne Opvoeding bls. 24-29.
Keyter, J. de W. : Dringende Vraagstukke in ons Opvoeding en Onderwys bls. 97 en 319.

(d) DIE OPLEIDING VAN DIE ONDERWYSER.

(i) Sommige opvoedkundiges gaan van die standpunt uit: „Praeceptor nascitur non fit" (1).

Tot op sekere hoogte is dit waar, maar as daar gewag moet word tot daar genoeg onderwysers gebore word, kan 'n mens nooit vorder nie (2).

Die feit dat in byna al die lande van die wêreld dit onnodig geag word om die hoogste graadmeesters op te lei, is bewys dat die ware onderwyser gebore word. 'n Mens leer onderwys gee deur praktiese ervaring. Baie van die beste meesters het nooit opleiding gehad nie en baie van die wat opgelei is, beteken nie veel nie. As iemand talent het om onderwys te gee, help die opleiding hom tot 'n sekere mate maar as hy nie die talent besit nie, sal die beste opleiding hom nie veel baat nie. Op enige gebied van die lewe, as 'n mens talent of kundigheid aantref, laat mense dit deur deskundiges verder ontwikkel en doen alles in sy vermoë om die beste daarvan onder leiding en opleiding te laat word. Daar is nog nie die ideale opleiding van onderwysers nie omdat die onderwysers te min ken en te min weet (3).

Een van die grootste hinderpale in die opvoeder se werk is dat hy nie genoeg ken nie en ook nie genoeg weet nie.

(1) Loubser, J.S. : Notas van Cilliê 1921.

(2) Ibid. Jasper, Joseph, J. : Journal of Chemical Education Nov. 1937.
Loubser, J.S. : Notas van Cilliê 1921.

(3) Dewey, John : First Yearbook of John Dewey Society bls. 41.
Die Burger 30/4/36 en 2/7/20. Artikels van Cilliê.

Hy ken wat hy doelbewus en opsetlik geleer het; hy weet wat hy nie juis doelbewus en opsetlik geleer het nie. Uit laasgenoemde word afgelei dat die onderwyser breed en algemeen onderleg moet wees (1).

Die professionele man moet hom onderwerp aan die leiding van iemand wat kennis het wat hy hom meedeel. As die opvoeder mense uit die donker wil lei, moet hy self daardeur gegaan het. Die „hoe" hy ander moet leer, is iets wat uit homself moet kom. Die metodiek wat hy leer, moet net 'n soort bemesting van sy eie metodiek wees en hy moet nie die metodiek van die professor blindelings volg nie (2).

Die suksesvolle onderwyser word in die eerste instansie deur natuurlike aanleg gekenmerk. Verder moet hy die kennis van die metode en filosofie van onderwys deelagtig wees en ondervinding besit. Al wat die opleiding kan gee, is die kennis van metode en die filosofie van onderwys. Onderwysers herhaal hulself van jaar tot jaar en noem dit ondervinding. Dit is egter nie ondervinding nie. Baie onderwysers is weer nie in staat om hul ondervindings te interpreteer nie (3).

Cilliė word al hoe meer daarvan oortuig dat daar nog nooit - met uitsondering van die Groot Meester - iemand op aarde was, wat genoeg geweet het en genoeg wysheid besit het, om ander mense behoorlik te leer en op te voed nie;

(1) Die Burger 22/2/17 en 11/4/18. Artikels van Cillie.

(2) Loubser, J.S. : Notas van Cilliė 1921.

(3) Ibid.

daarom moet die opvoeder se strewe wees om meer kennis van die onderwys en opvoeding te kry en veral wysheid om beter werk te doen, die regte aanpassing en meer waardering. As die opvoeder kennis en wysheid het, sal hy sy medemens kan help om nie moedeloos in die stryd van die lewe te word nie. Wat die wêreld vandag nodig het, is beter toegeruste onderwysers wat honderd persent vir hulle taak opgewasse is (1).

(ii) Die onderwyser moet groei en ontwikkel in die werk wat hy doen, want stilstand is agteruitgang (2).

Cilliė weet nie of hy al ooit self les gegee het nie of ooit 'n ander les hoor gee het nie, of hy het gevoel dat hyself, dat die ander meester, te min weet om die les goed te gee en interessant te maak. As hy nie te min van die onderwerp af weet nie, dan weet hy te min van die sielkunde en gevoelens van sy klas. Al het die opvoeder genoeg boekekennis, ontbreek hom tog nog die mate van wêreldkennis en mensekennis wat die eintlike basis moet wees waarop enige meester se kennis gefundeer moet wees, as hy werklik 'n meester wil wees. As 'n mens so ver kom dat hy te slim is om 'n ander mens te leer, is hy op sy domste. Geleerdheid en slimheid bestaan meestal daarin dat 'n mens die dinge in hul regte perspektief, in hul ware verhouding sien en die regte waarde daaraan heg.

(1) Artikel van Cilliė in Die Unie 1/1/47 bls, 145.
Die Burger 1/2/17. Artikel van Cilliė.
Adams, John : The Teachers Many Parts bls.240.

(2) Artikels van Cilliė in Die Unie 1/2/45 bls. 146, en 1/3/38 bls. 266.

Onderwys gee of kennis meedeel, soos dit soms verkeerdelik genoem word, beteken ~~in~~ die laaste instansie die poging om tussen die denkvermoë, die verstand, die gees aan die eenkant en die leerstof of die les aan die anderkant 'n sekere verband te kry. Om dit te kan doen, moet die meester die leerstof magtig wees maar hy moet ook in staat wees om die leerstof in die lig van sy leerlinge te sien. Die meester moet 'n kind kan wees (1).

Volgens Cilliè se beskeie mening is dit tyd vir 'n onderwyser om op te hou met andere te onderrig die dag wanneer hy ophou om te dink oor wat hy doen en waarom hy doen wat hy doen (2). Vir hom lyk dit dat, as 'n onderwyser nie meer behoefte voel om met ander gedagtes oor sy vak te wissel nie, om nuwe maniere van aanpak te probeer nie, sy skool uit is en hy in 'n sleur verkeer. Gedurig studeer is absoluut noodsaaklik, nieteenstaande al die sleurwerk, sosiale pligte, teleurstellings en moeilikhede langs die pad (3).

Net so noodsaaklik is dit dat die onderwyser gedurig die vraag moet stel of sy metode die regte is, of die leerstof die regte is, of sy werk lewe of dood is. Die vraag wat die opvoeder hom moet stel, is: „Waar kry ek die

(1) Kuyler, H.A. : Notas van Cilliè 1946.

(2) Die Unie 1/1/38 bls. 266 en 1/10/37 bls. 127. Artikels van Cilliè.

(3) Artikels van Cilliè in Die Unie 1/1/38 bls. 266, en 1/10/37 bls. 127.
Overn, A.F. : The Teacher in Modern Education, bls. 227.

kind en waar wil ek hom bring in hierdie vak? (1).

In die vooruitstrewende wêreld van vandag het die opfrissing van die onderwyser werklik 'n baie dringende vraagstuk geword (2). Die opvoeder moet baie aanknopingspunte i.v.m. sy werk kry, maar die gevaar is dat, wanneer daar te veel is, hy kan afdwaal. Hy moet weet watter stof hy moet aanbied; sy skema moet duidelik in sy hoof wees (3).

4. VERHOUDINGE VAN DIE ONDERWYSER.

(a) Tot sy leerlinge.

(i) In noue verband met die verhouding van die onderwyser tot sy leerling is die kwessie van die gesag van die opvoeder. 'n Mens handhaaf sy gesag deur sy persoonlikheid (4).

Die vraag is of die gesag van die onderwyser op uiterlike mag of wet in „loco parentis" berus. Hy kan die kind bestraf, teregwys, vermaan en ook straf. As die verhouding van die onderwyser teenoor die publiek en ouers op 'n goeie voet is, sal voorgenoemde vraag nie opkom nie. As sodanig „in loco parentis" het die onderwyser sekere gesag wat die wet hom toelaat.

Die onderwyser kom ook „in loco magistratus" want hy moet reg laat wedervaar. Die inspekteur weer is die bemiddelaar, die toets om te sien dat die meester sy plig teenoor die kind

(1) Artikels van Cilliè in Die Unie 1/10/37 bls.127.
Die Burger 2/7/20.

(2) Artikels van Cilliè in Die Unie 1/11/37 bls.171.
Dunkerley & Kingham : The Assistant Master bls. 238.
Kuyler, H.A. : Notas van Cilliè 1946.

(3) Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1921.

(4) Ibid.

en die publiek doen (1).

Die onderwyser handhaaf sy outoriteit deur middel van straf; deur respek van die kant van die kind. Hy moet nie sy gesag deur middel van geweld uitoefen nie maar deur middel van sy persoonlikheid regeer, want die mens het nie meer die nodige vrees vir straf nie. In 'n ideale skool met 'n ideale samelewing as agtergrond, is daar nie liggaamlike straf nie (2).

(ii) Gesag berus op persoonlikheid wat as uitwerking het 'n goeie verhouding tussen leerlinge en onderwyser. Baie onderwysers probeer om die goeie verhouding deur goedkoop populariteit te verkry; om altyd maar toe te gee; om altyd na die mond van die kinders te praat. Hierdie goedkoop populariteit beantwoord op die lange duur nie. Die goeie verhouding moet deur goeie werk en ware belangstelling van die kant van die opvoeder kom. Kinders vind baie gou uit of 'n onderwyser met 'n gees van werksaamheid besiel is (3).

As 'n opvoeder 'n goeie verhouding tot sy leerlinge wil behou, moet hy in die kind, in sy opvoedbaarheid glo,- die kind vertrou, liefhê en die dinge wat by die kind wil help om te leer, ken; in die dinge glo en hulle self deurleef. As hy aan die vereistes voldoen, sal hy mense help om self te leer en hulle self op te voed (4).

(1) Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1921.
Die Burger 18/7/18. Artikel van Cilliè.
Taute, B. : Skoolhoof, Assistent en Professie bls. 45.
(2) Ibid
(3) Artikel van Cilliè in Die Unie 1/2/34 bls. 236.
Loubser, J.S. : Notas van Cilliè 1921.
(4) Artikels van Cillie in Die Unie 1/1/45 bls. 126, en 1/2/44 bls. 154.

Dit is nie moeilik om in die mooi, netjiese, knap en aangename seun en dogter te glo nie maar om in die slordige, onnette seun of dogter te glo, het die opvoeder 'n baie groot geloof nodig (1).

Sonder daardie geloof word die onderwys- en opvoedingswerk niks anders as sleurwerk, 'n spotterny nie, en voer die onderwyser niks uit nie (2).

As die verhouding van die opvoeder tot sy leerlinge reg moet wees, moet hy 'n aangename atmosfeer in die klaskamer skep. Daar is 'n klassieke gesegde dat daar net twee soorte onderwysers is; die wat hul vak ken en die wat kinders lief het. 'n Beter klassifikasie sal wees: Onderwysers wat 'n aangename atmosfeer in die klaskamer bring en onderwysers wat dit nie doen nie (3).

Die kenmerk van 'n opgevoede mens is dat hy sy gevoel kan beteuel (4)

Om die goeie verhouding te bewaar moet die opvoeder die kind se persoonlikheid eerbiedig en hom met liefde, grootmoedigheid en regverdigheid help om sy sluimerende talente te ontdek; hy moet hom help om as individu en as burger 'n dieper, gesonder en nuttiger lewe te voer (5).

(1) Die Burger 11/7/18. Artikel van Cilliè.
(2) Artikel van Cilliè in Die Unie 1/10/39 bls. 114.
(3) " " " " " " 1/2/44 bls. 154.
(4) " " " " " " 1/10/39 bls. 114.
(5) " " " " " " 1/5/42 bls. 342.

Die onderwyser wat dikwels praat van hoe dom, lui, sleg, ongehoorsaam, agtelosig en onverantwoordelik die kinders en jongmense van vandag is, kan nie opvoed nie. Wanneer die onderwyser nie net altyd die slegte in die kinders sien nie, maar ook die goeie, sal daar 'n goeie gesonde verhouding ontstaan en die opvoedingswerk sal gevolglik beter vorder (1). As die opvoeder deelneem aan en belangstel in die bedrywighede van kinders en die werksaamhede van hul omgewing na skoolure, sal die goeie verhouding daardeur versterk word (2).

(b) <u>Tot die Mede-onderwysers</u>.

Daar behoort 'n hartlike samewerking onder alle onderwysers op dieselfde skool en meer in die besonder met die skoolhoof te wees. Die werk, die keuse en toepassing van die metode van onderwys en dissipline is die gesamentlike werk van al die onderwysers. Daar moet ook eenheid van optrede wees. Verder sal onderwysers nooit hul kollegas kritiseer voor mense wat nie aan die professie behoort nie maar hulle verdedig mekaar gesamentlik en indiwidueel deur dik en dun. Onderwysers moet lojaal aan mekaar wees. Hulle moet nie van die een kind teenoor 'n ander kind minagtend praat nie. Elke onderwyser behoort ook met simpatieke en opbouende toesig van die hoof tevrede te wees.

(1) Artikel van Cilliè in Die Unie 1/10/42 bls. 79.
Die Burger 11/11/45. Artikel van Cilliè.

(2) Artikel van Cilliè in Die Burger 8/12/31.
Artikel van Cillie in Die Unie 1/6/28 bls. 317.
Adams, John : The Teachers Many Parts bls. 241.

Teenoor die skoolhoof moet die assistente volkome lojaal wees en hom hulpvaardigheid betoon. As onderwysers onderling en teenoor hul hoof getrou is, sal hulle ook getroue lede van onderwysersverenigingе wees om sodoende as 'n eenheid te kan optree (1).

(c) In die Samelewing.

Waar die opvoeder ookal in die samelewing optree, moet hy hoflik, beskeie, fatsoenlik en beskaafd optree. Hy moet sy plek ken. Hy moet leer hoe om teenoor sy meerderes, sy minderes, ouer mense en kinders op te tree. Om skoolmeesteragtig te wees of op 'n kruiperige voetvallerige manier hom voor te doen, is afkeurenswaardig (2). Hy moet beskaafde lewensnorme aankweek; die ander man se standpunt sien en billik (3).

Die opvoeder moet nie onverskillig teenoor die toestand waarin die wêreld gedurende en as gevolg van die jongste oorlog geraak het, staan nie, aangesien die jong geslag vir baie jare onder sy toesig en invloed gestaan het (4).

Die onderwyser moet aan die een gedagte vashou: In elke kind en in elke mens steek daar iets goeds. Sy onderwys, sy omgang met hom, sy dade, sy woorde, moet die mens help om daardie goeie eienskappe uit te bring, te verwesenlik en uit te lewe. As die onderwyser nie in daardie verhouding teenoor sy medemens staan nie, moet hy maar die onderwys vaarwel

(1) Artikel van Cilliè in Die Burger 8/12/31.
" " " " " Unie 1/8/36 bls. 52.

(2) " " " " " " 1/6/45 bls. 234 & 1/1/41 bls. 206.

(3) " " " " " " 1/10/42 bls. 79.
Die Burger 11/7/18.

(4) Artikel van Cilliè in Die Unie 1/6/45 bls. 234.

toeroep (1).

Die onderwyser wat 'n grief teenoor iemand of sy omgewing het, kan nie 'n gesonde invloed uitoefen nie. Die leerlinge van sodanige onderwyser moet die gelag betaal. Hulle kom, sonder dat iemand dit weet, onder die invloed van die gemoedstoestand van die onderwyser (2).

Die opvoeder moet glo in die hartelike samewerking met die samelewing vir die verwesenliking van sy opvoedingsdoel. Hy moet hom vereenselwig met alle bewegings wat die beskerming en opheffing van die kind ten doel het (3). Opvoeding is geestelike werk en die mens wat daarmee besig is, moet geestelik gesond wees. As die verhouding teenoor sy medemens nie reg is nie, kan dit teenoor sy God nie reg wees nie. So 'n mens is nie geestelik gesond nie. Hy kan nie opvoed nie (4). Wanneer buitestaanders die onderwysers se werk kritiseer, baat dit niks om 'n vyandige houding te openbaar nie, want daardeur verloor die publiek vertroue in die meester se werk. Dit plaas die opvoeder in 'n baie onbenydenswaardige posisie in die samelewing. Hy moet verdraagsaamheid, sonder papbroekigheid, aan die dag lê. Hy moet mense se sienswyse billik sonder om sy eie beginsels prys te gee. Dit is nie net moeilik nie maar 'n kuns.

(1) Artikel van Cilliers in Die Unie 1/12/45 bls. 126.
Die Burger 8/12/31.

(2) Artikel van Cilliè in Die Unie 1/7/39 bls. 3.

(3) " " " " " " 1/5/42 bls. 342.
Overn, A.F. : The Teacher in Modern Education bls. 241.

(4) Artikels van Cilliè in Die Unie 1/4/37 bls. 375 en 1/5/42 bls. 342.

Die opvoeder moet die Afrikaanse jeug help om in die regte verhouding tot sy eie nasie te staan. Hy moet hom nasie- bewus en nasie-trots maak sonder dat hy aan andersgesindes aanstoot gee. Hy kan agting en waardering vir vreemde gewoontes, taal en tradisie hê maar liefde kan hy nie daarvoor koester nie (1).

(d) In Burgerlike Sake.

(1) Van outoriteitsweë moet onderwysers hulle aan tugregulasies onderwerp waardeur hulle 'n groot deel van hul selfstandigheid verloor. Tugregulasies as sodanig behoort uitgeroei te word (2). Dit is onmoontlik om hoë ideale aangaande die opvoeding te hê wanneer opvoeders as minderwaardiges beskou word en deur dwanmaatreëls in toom gehou moet word (3).

Die betrekking van 'n onderwyser is 'n heilige. Hy moet meer doen as wat die wet voorskryf. Namate die amptelike posisie van die opvoeder deur wette, ordonnansies, bepalinge en regulasies vaster omlyn word, word ook die neiging sterker om slegs te doen wat volgens wet geëis en verwag word. In plaas dat die onderwyser mens is, word hy net soos baie amptenare en dagloners, iemand wat by die uur werk. So word die intieme en menslike verhouding tussen hom en sy omgewing 'n puur offisiële (4). Deur benouende en

(1) Artikel van Cilliè in Die Unie 1/8/36 bls.,42.
Die Burger 8/12/31. Artikel van Cillie.

(2) Die Burger 5/7/17 en 15/6/16. Artikel van C.

(3) " " 11/4/18. " " ".

(4) " " 18/7/18 en 2/12/15. " " ".
Adams, John : The Teachers Many Parts bls. 45.

en drukkende regulasies word die opvoeder wat dag na dag met mensesiele te doen het en wat dit in sy mag het om siele te vorm of te vervorm, afgedruk tot die niveau van 'n dagloner. As 'n mens iemand aan alle kante met wette en regulasies omsingel, sodat hy hom sedelik en redelik sal gedra, word sy siel eng, sy sedelike gevoel verdor, sy hart word koud en sy entoesiasme word gedood; hy word 'n masjien, 'n wese sonder inisiatief. Die eerste beginsel van alle pedagogiek van alle tye is: 'n Mens moet die kinders vertrou, indien 'n mens hulle sedelik wil vorm en opvoed. Hoe sal 'n meester nou wat nie vertrou word en ook geen vertroue werd is nie, die kinders aan sy sorg toevertrou, vertrou? (1).

As vry mense en as ontwikkelde burgers van die samelewing wat vir die geestelike en sedelike vorming van die opkomende geslag verantwoordelik is, mag opvoeders nie toelaat dat die wetgewers hul vryhede as burgers inkort nie. Cilliè is van mening dat daar 'n greintjie waarheid in die opvatting teen die vryheid van die meesters is, in soverre, dat, as hulle sou probeer om die een of ander politieke leer in die skool in te voer of te leer, die publiek hom daarteen sal verset, net soos hy hom sal verset as 'n onderwyser sou probeer om in die skool dogmatiese godsdiensonderwys in te voer, wat in stryd met die leer van die ouers van die skoolkinders is. Dit is vir Cilliè

(1) Artikels van Cilliè in Die Unie 1/1/16 bls. 177. Die Burger 31/8/16.

duidelik dat geen onderwyser moet toegelaat word om sy politieke opinies in die skool te verkondig nie. Die vryheid van die opvoeder sal een van die middele wees om die status van die onderwyser in die oë van die publiek te verhoog. Die opvoeder moet vry wees om buite die skool sy mening vry te kan uitspreek; hom verkiesbaar te stel as skoolraads- of skoolkommissielid. As hy verstandig is, sal hy geen voorvegter van die een of ander politieke party wees nie en sal hy hom ook nie in die party-politiek begewe nie. As hy dit tog doen, moet hy die gevolge daarvan ly (1)

Diensregulasies moet daar vir die onderwyser en die Departement wees maar hulle moet nie vernederend wees nie. Hulle moet blyke van gesonde verstand, mensekennis, bevordering van die onderwys, gee (2).

(ii) Dit is die burgerlike plig van die onderwyser dat hy in sy gemeenskap op verstandige en oordeelkundige wyse die leiding sal neem in aangeleenthede wat bevorderlik is tot die opbouing van die gemeenskap, want die aanraking met die gemeenskap sal 'n heilsame invloed op sy eie werk in die skool hê. Sy deelname, bv. aan die godsdienstige en kerklike lewe van die Suid-Afrikaanse gemeenskappe is absoluut noodsaaklik ( 3).

(1) Artikels van Cilliė in Die Unie 1/1/16 bls. 177. Die Burger 25/3/20.

(2) Die Burger 24/2/16 en 20/4/16. Artikels van Cillie.

(3) Bosman, A. : Notas van Cilliė 1931.

(iii) Dit is absoluut noodsaaklik dat opvoeders wat met die siel van die nasie se kinders werk uit die nasie se kinders self moet kom. Hul staatsopvatting moet in ooreenstemming met die van die opvoedeling wees. Nasiebou moet vanselfsprekend in die skole wees. Deur die verkondiging van patriotisme is dit nie nodig om andersdenkendes seer te maak nie (1).

(e) DIE SKOOLHOOF EN DIE ASSISTENTE.

(a) Die Skoolhoof en die private Lewe van Assistente.

Persoonlik dink Cilliè dat die hoof van 'n skool nie geregtig is om in die private lewe van sy assistente in te gryp nie, tensy hy bewys kan lewer dat hulle buitensporigheid buite die skool 'n skadelike uitwerking op hul onderwys in die klas het. Tensy die hoof buitengewone tak en mensekennis besit, kan hy, deur onverstandig op te tree, die verhouding tussen hom en die betrokke onderwysers vir altyd bederwe.

Sommige hoofde bespreek somtyds sake van hierdie aard in die algemeen op personeel-vergaderings sonder verwysing na enige spesifieke persoon. Ander hoofde kry die skoolkommissie om die betrokke onderwysers te vermaan. (2).

In die laaste instansie word die verhouding tussen mense volgens wet bepaal en gereël.

(1) Die Burger 21/12/31 en 8/12/26. Artikels van Cilliè.

(2) Artikels van Cilliè in Die Unie 1/9/35 bls. 39.

As 'n prinsipaal hom op die wet moet beroep om iets deur sy assistente gedaan te kry, of die assistente die wet inroep om hulle teen hul hoof te beskerm, word die skoolwerk seker daardeur nie veraangenaam en bevorder nie (1). As Cilliè vandag aan die hoof van 'n skool sou staan, sou hy saam met die personeel neerlê wat beskou moet word as behoorlike, beskaafde en hoflike gedrag teenoor mekaar. As daar lede van die personeel is wat nie wil meedoen nie of wat daarvan afwyk, sou hy drasties teen hulle optree. Die personeel van 'n skool het 'n waardigheid wat hulle moet handhaaf. Die onverskilligheid of laksheid van een lid kan die naam van die hele personeel bederwe (2).

Hoofde moet nie in die openbaar oor hulle assistente se swakhede uitwei nie maar hulle inteendeel beskerm deur dik en dun. Dit is nie altyd maklik nie en soms lyk dit na oneerlikheid maar dit is nou eenmaal Cilliè se oortuiging dat 'n hoof van 'n skool ook teen sy assistente lojaal moet wees. As oor assistente se tekortkomings gepraat word, moet dit offisieël gedoen word in die vergaderings van die skoolkommissie wat 'n geslote vergadering is. By die opvoeding van die volk se kinders is te veel op die spel as daar ligsinnige en onverantwoordelike dinge mag gesê en gedoen word oor mense wat met die opvoeding te doen het (3).

(1) Artikel van Cilliè in Die Unie 1/4/37 bls. 378.

(2) Artikel van Cilliè in die Unie 1/7/45 bls. 3.

(3) Artikel van Cilliè in Die Unie 1/7/39 bls. 3.
Taute, Ben : Opvoedende Onderwys bls. 105.

(b) Die Skoolhoof en Personeelvergaderings.

Die skoolhoof moet soveel as moontlik met sy assistente saam vergader waar alle skoolaangeleenthede bespreek word en waar hoof en assistente mekaar reghelp, leer ken, waardeer, tot nuwe insigte deur lesings of mondelinge gesprekke kom. Alleen dan sal die hoof 'n groot skool kan opbou (1).

(c) Bekwaamheid van die Skoolhoof.

Die swak hoof van 'n skool met uitgesoekte assistente maak nooit 'n groot skool nie. Die prinsipaal moet meer vakkennis, meer ervaring, meer kennis, 'n wyer belangstelling in onderwysaangeleenthede as sy assistente in die algemeen hê. Hy moet 'n koersvaste lewens- en wêreldbeskouing hê. Wat nie so vanselfsprekend aangeneem word nie, is dat hy iemand moet wees, wat beter onderwys gee as die gemiddelde assistent; dat hy meer simpatie met mense en veral met kinders as die gewone assistent moet hê; dat hy meer mensekennis, meer geduld, meer tak, meer waardigheid, meer erns en veral ook lewenswysheid as die gewone assistent in die skool moet hê (2).

Die hoof moet egter 'n werkende kennis van al die skoolvakke hê en op een of ander gebied van die wetenskap 'n spesialiteit wees. Hy moet met die moderne strominge, nuwe literatuur, leerstof, metodes, organisasie, administrasie en tug op die gebied van onderwys meer op hoogte as sy assistente wees.

(1) Bosman, A. : Notas van Cilliè 1931.
Taute, B. : Skoolhoof, Assistent en Professie bls. 59.

(2) Artikel van Cilliè in Die Unie 1/7/39 bls. 3
Bosman, A. : Notas van Cilliè 1931.

As hy goeie beheer en regering wil toepas, moet hy wilskrag, tak, onbevooroordeeldheid, standvastigheid en opgewektheid besit. Hy moet sy assistente lei, vir hulle 'n raadgewer wees en deur opbouende kritiek teregwys. Teenoor sy personeel en sy leerlinge moet hy regverdig optree (1).

(d) Verantwoordelikheid van Skoolhoof teenoor Assistente.

Die hoof van 'n skool is vir die goeie gedrag van elk van die leerlinge tot 'n sekere mate verantwoordelik en ook tot 'n mindere mate vir die gedrag van die personeel. So oordeel die publiek en die is ook dikwels reg (2).

(e) Lojaliteit teenoor Skoolhoof.

In die opvoedingsinrigting waar Cilliè die toekomstige onderwysers oplei, word dit die jong mense baie ernstig op die hart gebind dat hulle, waar hulle ookal geplaas mag word, lojaal teenoor die hoof van die skool, die personeel, die skool, die kinders en die publiek moet wees (3).

(f) Solidariteit van Professie.

Cilliè glo in die samewerking, samehorigheid, hulpvaardigheid, solidariteit en eenheid van die band wat daar behoort te bestaan tussen lede van dieselfde professie. Hy glo in professionele etiket. Hy glo dat opvoeders gewilliglik met ander lede van die professie die vrugte van hul ondervinding en ondersoek moet deel. Hulle moet alle organisasies wat hierdie eenheid en samewerking soek te bevorder,

(1) Bosman, A. : Notas van Cilliè 1931.
(2) Artikels van C. in Die Unie 1/7/45 bls. 3.
(3) " " " " 1/7/39 bls. 3.

ondersteun. Die ideaal is diens en nie persoonlike of seksionele voordeel nie. Cilliê ag dislojaliteit as onprofessioneel teenoor kollegas en die ideale van die onderwysprofessie. Die opvoeder moet sy eer in die handhawing van die eer van sy professie soek (1).

6. ONDERWYSERSKURSUS IN KAAPLAND.

(i) Wat die onderwyskursus soos in die jaar 1919 in Kaapland betref, sou dit beter gewees het as die Eerste, Tweede en Derde Klas-sertifikaat afgeskaf was, want die benaming laat 'n mens te veel aan minder- en meerderwaardigheid dink. Die Derde Klas-sertifikaat kon die Voorlopige Onderwysersdiploma of -Sertifikaat; die Tweede Klas-sertifikaat, die Onderwysersdiploma of -Sertifikaat en die Eerste Klas-sertifikaat, die Sekondêre Skool-Onderwysersdiploma of -Sertifikaat geheet het.

Vir die Voorlopige Sertifikaat moes daar 'n kursus van 5 leerjare, nadat die Elementêre Skool deurloop is, wees. Die Elementêre Skool sou die kinders tot std.vi met 'n min of meer afgeronde leerplan bring. Hier kon deur die meester self, met behulp van bekwame skoolinspekteurs, 'n redelike toets gehou word en daarna kon die studente wat onderwysers wou word, na die opleidingskole vir 'n vyfjarige kursus vir hulle opleiding vir die Voorlopige Sertifikaat gaan.

(1) Artikel van Cilliê in Die Unie 1/1/42 bls. 223, en 1/5/42 bls. 342.

Die kursus hier moes vir die eerste drie jaar hoofsaaklik åkademies in die gewone leervakke wees en die laaste twee jaar hoofsaaklik professioneel, met dien verstande, dat die twee landstale, Hollands of Afrikaans en Engels dwarsdeur die hele kursus, die hoofvakke moet wees. Onderwerpe soos teken, sang, houtwerk, naaldwerk, kookkuns en al die ander bykomende dinge kon alleen aan die kandidate geleer word, wat daarvoor aanleg gehad het, en die dinge kon in die eerste drie jaar afgewerk word.

Of die kandidate sou toegelaat word om aan gewone skole die kursus deur te maak en of hulle gedwing moes word om na sentrale opvoedingskole te gaan, was 'n kwessie van praktiese detail wat by die toepassing van die skema kon beslis word (1). Gedurende die laaste twee jaar moes elke kwekeling van die soort ten minste 'n hele kwartaal in een of ander skool gaan werk om met praktiese onderwys kennis te maak (2).

Verder moes die kursus so ingerig word dat onderwysers(esse) wat die kursus deurgemaak en talent aan die dag gelê het, sou toegelaat word om die onderwysersertifikaat - die hoëre sertifikaat - te kry as hulle twee jaar suksesvol onderwys gegee het en daarna vir twee jaar na 'n opleidingskollege wou teruggaan.

(1) Artikels van Cilliè in Die Unie 1/2/30 bls. 217. Die Burger 24/4/19.

(2) Artikels van Cilliè in Die Unie 1/2/30 bls. 217. Die Burger 11/4/18.

Die toelating tot die kursus vir die Onderwysersdiploma - die Tweede Klas-sertifikaat - moes wees wat vandag die Matrikulasie of die Seniorsertifikaat genoem word, d.w.s. niemand sou tot hierdie kursus toegelaat word as hy nie die middelbare skool deurloop het en die Seniorsertifikaat gekry het nie (1).

Die Kursus moes drie jaar duur en moes alleen in verband met die universiteite of universiteitskolleges geneem word. Die eerste jaar moes akademies, puur en simpel wees en moes vir 'n graadkursus aan die universiteit tel. Na die eerste jaar moes die kursus twee jaar lank voortgesit word en dit moes byna uitsluitlik professioneel wees, behalwe dat vir die twee landstale-Afrikaans of Hollands en Engels - 'n baie groot plek op die leerplan moes ingeruim word. Die byvakke, soos naald- en houtwerk, teken, sang, kookkuns, gimnastiek, masjienskrif, boekhou en ander praktiese vakke sou alleen van die studente geëis word, wat daarvoor aanleg gehad het. 'n Ruim keuse is gelaat, met dien verstande, dat elke kandidaat twee of drie van die ekstra vakke moes neem.

Tot die twee finale jare moes ook toegelaat word die kandidate wat in hul Voorlopige Sertifikaateksamen 'n sekere standaard bereik het, d.w.s. van hulle is die preliminêre aan die Universiteit nie geëis nie. Ook hierdie kandidate moes in hul finale jaar ten minste drie maande

(1) Artikels van Cilliè in Die Unie 1/7/29 bls. 344 en 1/3/19 bls. 251.
Die Burger 5/4/18.

les gee in 'n skool om met die praktyk in aanraking te kom. Die werk van so 'n meester moes onder die direkte supervisie aan die hoof van die skool gedoen word.

Tot die sekondêre skooldiploma moes alleen persone toegelaat word, wat 'n universiteitsgraad gehad het of 'n eksamen gedoen het, wat daarmee gelyk gestaan het.

Die kursus moes twee jaar duur, waarvan 'n geruime tyd, drie of ses maande in die skole moes deurgebring word waar die studente die werklikheid kon sien. Hierdie kursus moes professioneel wees, hoewel Engels en Hollands of Afrikaans hier soos in die ander twee kursusse baie aandag moes kry. Vir diegene wat die onderwysersdiploma gehad het, die Tweede-Klas-sertifikaat - en wat daarna 'n graad verwerf het en die hoogste diplomas wou hê, moes die kursus een jaar duur omdat hulle reeds die ekstra vakke, soos houtwerk, ens. gedoen het, asook die metodiek van onderwys (1).

Vir voorbereiding van onderwysers of 'n universitêre hoogte of in onafhanklike inrigtings, of in inrigtings geaffilieer met universiteite of in universiteite self, het Duitsland vir ons die standaard gestel. Universitêre inrigtings moet ook onderwysers vir primêre skole oplei (2). Of opleidingskolleges of universiteite dit beter doen, sal niemand beslis sê nie (3).

(1) Artikel van Cilliè in Die Unie 1/3/19 bls. 251.
(2) Kandel, I.L. : Comparative Education bls. 527.
(3) Die Unie 1/3/35 bls. 362. Artikel van Cilliè.

In al drie die kursusse behoort die geskiedenis van die onderwys in Suid-Afrika en ten minste die hooffeite uit die algemene geskiedenis van die onderwys geleer te vord. Verder behoort die beginsels van diė sielkunde, in sover as dit betrekking op onderwysmetodes en leermetodes het, geleer te word. Boweal moet in die opleiding probeer word om die toekomstige meester te leer om te verstaan hoe 'n kind leer (1).

Cilliė vrees dat in die opleidingskole te veel nadruk op die tegniese deel van die onderwys en te min op die beginsels van die opvoeding gelê word (2).

(ii) 'n Klas van 100-150 studente in die opleidingskool is ongewens. Dit is onmoontlik om aan al die kwekelinge reg te laat wedervaar. Die persoonlike aanraking en die persoonlike werk word daardeur onmoontlik. Die ideale klas is 20-25 maar die ideale klas word nie maklik bereik nie en daarom word daar toegelaat dat daar 30 in 'n klas mag wees (3).

(iii) Wat die eksamens betref, moet die uiteindelike strewe inwendige eksamens wat deur assessore gekontroleer word, wees. Die student se bevoegdheid om les te gee, moet slegs in sy eerste taal getoets word. 'n Hoër graad-sertifikaat moet te kenne gee dat die onderwyser in staat sal wees om al die skoolvakke deur albei media te onderwys;

(1) Artikel van Cilliė in Die Unie 1/3/19 bls. 251.
(2) " " " " " " " " ".
(3) Ibid.

'n Laer-graad-sertifikaat dat hy deur medium van een taal kan les gee en dat hy die tweede taal behoorlik verstaan (1).

(iv) Studente-onderwys is nog nie perfek afgerond by die voltooiing van hul kursus nie. Prinsipale van skole en inspekteurs moet die verdere opleiding van jong onderwysers voortsit. Om opleidingskolleges instaat te stel om in voeling met die werklike toestand van sake in die onderwys te bly, moet onderwysers en inspekteurs van tyd tot tyd gevra word om opleidingskolleges te besoek (2).

(v) Hoewel elke opleidingsinrigting sy eie kenmerke en tradisies sal ontwikkel, moet daar nie kolleges wees wat met 'n bepaalde doel bestempel word nie, bv. kolleges waar onderwysers vir buiteskole opgelei word nie (3).

(vi) Aan diensdoende onderwysers mag die Hoër Primêre Onderwysdiploma toegeken word, mits hulle in besit van die $O_3$ sertifikaat is en mits hulle 'n aanvullende studie van een jaar deurloop het en vyf jaar diens agter die rug gehad het (4).

Ongesertifiseerde onderwysers met vyftien jaar diens moet 'n Onderwyssertifikaat toegeken word, as die inspekteur dit aanbeveel.

(vii) As 'n onderwyser in 'n ander provinsie gaan onderwys gee, moet hy sy pensieonregte behou en daarvoor in die betrokke provinsie bydra (5).

(1) Artikel van Cilliê in Die Unie 1/2/30 bls. 217.
(2) Ibid.
(3) Ibid.
(4) Die Burger 19/12/35. Artikel van Cilliê.
(5) Artikel van Cilliê in Die Unie 1/2/22 bls. 200.

## 7. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS.

(i) Cilliė se idees oor die lewens- en wêreldbeskouing van die onderwyser wil ek onderskrywe maar ook konstateer dat die opvoeder se gedagtes oor opvoedkunde en praktyke van die opvoeding met sy lewens- en wêreldbeskouing ooreen moet kom. Die opvoeder moet nie net by die onderwys en opvoeding van die kind 'n innige koersvaste lewens- en wêreldbeskouing hê nie maar ook i.v.m. die lewensvraagstukke van sy volk. Daar is soiets as ewige lewenswaardes. Die opvoeder wat nie glo dat daar ewige waardes is nie, kan myns insiens nie 'n opvoeder in die ware sin van die woord wees nie, kan nie 'n goeie onderwyser wees nie, al sou hy ook hoe goed onderwys kan gee.

(ii) Die persoonlikheid van die onderwyser staan in noue verband met sy lewens- en wêreldbeskouing. Die onderwyser lei en inspireer die kind deur sy persoonlikheid, en die weg waarlangs hy die kind lei, hang van sy lewens- en wêreldbeskouing af. Die faktor wat myns insiens by die handhawing van gesag die grootste rol speel, is die persoonlikheid van die onderwyser, wat as uitwerking het 'n goeie verhouding tussen leerlinge en onderwyser.

Die onderwyser openbaar sy persoonlikheid op verskillende maniere. Elke mens maak op verskillende tye indrukke op andere.

Die woord persoonlikheid word gebruik om die mens se fisieke, geestelike, sosiale en sedelike persoonlikheid te omvat soos prof. Coetzee dit duidelik stel (1).

(1) Coetzee, J. Chris : Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde bls. 67.

Cilliė het die onderwysers in 1921 gemaan om meer menslik te wees in 'n tyd toe onderwysers juis nog so onbuigsaam en gesteld op eie eer was. Sover was hy sy tyd vooruit. Alhoewel die onderwyser 'n professionele amptenaar is, bly hy ook nog „mens" met dieselfde persoonlike karaktertrekke wat algemeen onder al die lede van die gemeenskap aangetref word. As mens behoort die onderwyser ook nog tot 'n groep met sy eie besondere temperament, wat prof. John Adams indeel in introverte en ekstroverte met die eersgenoemde groep meer geneig tot bepeinsing dan tot aktiewe deelname, meer krities dan uitvoerend, en meer geneig om teruggetrokke te wees, terwyl die tweede groep meer geneig is om hulle gedurig aktief in die midde van die lewende gemeenskap te laat geld. Myns insiens behoort die onderwyser as mens die middeweg te kies met 'n effense oorhelling na die ekstroverte groep. Met sy medemens moet hy maklik kan omgaan en maklik en gou die standpunt van die ander man kan begryp. Vir die onderwyser is dit egter een lange stryd om sy menslikheid te behou, sy ewewig te bewaar en nie steriotiep te word nie.

In die verlede het die onderwyser ook nog te kampe gehad met 'n gemeenskap wat in baie opsigte antipatiek teenoor hom gestaan het weens swak kwalifikasies van 'n groep uit die professie en die lae besoldiging van die onderwyser. Die onderwyser was 'n soort minderwaardige persoonlikheid.

(iii) Die eienskappe van die onderwyser wat Cilliė beklemtoon, is: Geesdrif, opgewektheid,

waarheidsliefde, 'n gesonde houding, leierskap, regverdigheid, Hierby kan nog gevoeg word dat hy 'n vriend van die kind moet wees; dat hy karakter, kennis, wêreld- en lewenswysheid, godsdienssin, stiptheid, dissipline, onderwysbekwaamheid, takt, selfbeheer, vindingrykheid, aanpasbaarheid, diensvaardigheid, hulpvaardigheid, wilskrag, mededeelsaamheid en opregtheid moet besit.

Ek beskou leierskap as een van die belangrikste eienskappe van die moderne onderwyser. Daar is twee besliste doelstellings wat die onderwyser in sy beleid as opvoedkundige leier in sy gemeenskap moet uitvoer: (a) Hy moet die gemeenskap effektief en voldoende met die opvoedkundige en finansiële eise van die skool bekendstel en (b) hy moet in die gemeenskap nie net 'n goeie gesindheid tot die beleidsverklaring van die skool bewerkstellig nie; dog ook 'n doelbewuste belang in plaaslike en staatsonderwys stel. Hy moet ook 'n besliste houding inneem t.o.v. die beskouing dat die onderwys op 'n gesonde beleid gebaseer moet wees en dat dit genoegsaam deur die verantwoordelike outoriteite ondersteun sal word.

As die onderwyser 'n professionele leier wil wees, moet hy sorg dat hy 'n deeglike kennis het van die hele skoollewe, die organisasie, ondersteuning aan die skool, kostes, die probleme van die gemeenskap en die eise aan die skool gestel. Hy moet 'n gesonde opvoedkundige beleid verkondig, sy saak in die openbaar kan stel en propageer, en die publiek oortuig dat sy professie die aandag en respek van die publiek

werd is. Sy sosiale kontakte moet hy gebruik om die saak van 'n gesonde openbare skoolonderwys te bevorder.

(iv) Wanneer die onderwyser sy kennis aan die opvoedeling meedeel, moet hy die kuns verstaan om dit op 'n interessante wyse mee te deel; hy moet sy leerlinge tot selfwerksaamheid prikkel; hy moet onderskeidingsvermoë van die verstandelike toestand van die leerlinge besit, simpatie met hulle hê; weet om die regte metode van onderwys toe te pas en in noue voeling met hulle bly.

(v) Die ouer verwag vandag van die moderne onderwyser dat hy nie net blote feitekennis aan die kind sal meedeel nie, maar dat hy ook verantwoordelik sal wees vir die vorming van goeie gewoontes, maniere, gehoorsaamheid en onderdanigheid aan gesag, die ontwikkeling van kunsgevoel en selfs 'n sekere mate van vaardigheid en bruikbaarheid buite die gewone skool om. Cilliè konstateer daarom dat by die onderwys en opvoeding die onderwyser „in loco parentis" en „in loco magistratus" optree. Daar is egter nog ouers wat reken dat die gesag van die onderwyser beperk is. Selfs van owerheidsweë word die gesag van die onderwyser aan bande gelê. Dit is moeilik om absoluut juis die omvang van die onderwyser se gesag ten opsigte van bestraffing van sy leerlinge vas te stel. Daar moet rekening mee gehou word dat daar verskil is tussen die band van natuurlike verwantskap en die verhouding van die leerling teenoor die onderwyser.

Wanneer die meester die liefde, die agting van die kind gewen het, kan hy wondere verrig

sonder om deur middel van liggaamlike straf as „drywer" op te tree. Baie onderwysers wat nie juis as opvoedkundiges bestempel kan word nie, het hul sukses aan hierdie soort „drywery" van die kinders deur die eksamen te danke, sonder dat daar veel aandag aan die karaktervorming en die groot lewenswaardes van die mens geskenk word. Vir hierdie „drywery" is grotendeels 'n ondoeltreffende onderwysstelsel verantwoordelik.

Die goeie verhouding tussen opvoedeling en opvoeder moet kom deur waardigheid sonder kilheid, selfvertroue sonder egoïsme, vertroue, selfbeheersing, toeganklikheid, geloof in die opvoedbaarheid van die kind, eerbiediging van die persoonlikheid van die kind, hulpvaardigheid en goeie werk, van die kant van die onderwyser.

Die onderwyser mag nie onverskillig staan teenoor die handhawing van die tug nie en moet elke tugmetode ondersoek in die lig van die eise wat daaraan gestel word deur die kind, die doelpunt en die grondslag van die opvoeding self. Die onderwyser moet by die tughandhawing rekening hou met die doel van die opvoeding self.

As die verhouding van die onderwyser teenoor die ouers en die publiek op 'n goeie voet is, sal sy verhouding tot die kind, nieteenstaande hy sy gesag laat geld, ook op 'n goeie voet wees. Die onderwyser moet egter besef dat hy sowel as die kind onder die absolute gesag van God staan, waardeur daar geen absolute vryheid kan wees nie.

(vi) Daar rus voorwaar 'n dure plig op die onderwyser om nie net die skoolkind vanaf sy eerste skooldag burgerlik, sosiaal en moreel te lei nie, maar om ook as 'n sodanige leier vir die naskoolse

kind en selfs vir volwassenes op te tree. Hy sal ook as kultuurdraer en sosiale hervormer moet optree.

(vii) In die samelewing moet die opvoeder hoflik, fatsoenlik en beskaaf optree. Hy moet beskaafde lewensnorme aankweek en uitlewe; die ander man se standpunt sien en billik. Ek stem saam met Cilliè dat wanneer die verhouding van die opvoeder tot die samelewing nie reg is nie, wanneer hy in 'n beswaarde gemoedstoestand verkeer, kan hy nie opvoed nie en die kind is die lydende party. Selfs in die aangesig van die felste en onregverdigste kritiek van die kant van die samelewing, selfs wanneer hy meen dat hom 'n groot onreg aangedaan is, moet hy probeer om van sy kant die goeie verhouding, die goeie gesindheid te herstel sonder om sy beginsels prys te gee; sonder om dit op 'n voetvallerige, kruiperige wyse te doen. Die onderwyser moet weet om die beste gedragslyn onder alle omstandighede te volg, sodat hy sy waardigheid as burger van die samelewing en die staat kan behou.

(viii) Cilliè beweer dat die gesegde, „Praeceptor Nascitur non fit," tot op sekere hoogte waar is en staaf die gesegde deur te verklaar dat in baie lande van die wêreld dit onnodig geag word om hoë graadmeesters op te lei. Verder sê hy dat baie van die beste meesters geen professionele opleiding gehad het nie, en dat baie van die wat die beste professionele opleiding gehad het, nie veel beteken nie. My mening is dat dit baie daarop aankom met watter besieling die onderwyser sy werk aanpak. Ek glo saam met Cilliè dat

iemand wat die onderwysberoep gekies het, hom akademies sowel as professioneel en wat buiteskoolse aktiwiteite betref, moet laat oplei. Alles is deur die mens nie geërf nie. Geen mens word met 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing gebore nie; laasgenoemde is 'n saak van aanlering.

Cilliè beweer tereg dat die onderwyser moet groei en ontwikkel in sy werk. Hy moet sy hele lewe lank student en navorser bly om op hoogte van opvoedkundige en wetenskaplike vraagstukke te bly.

Cilliè is die mening toegedaan dat onderwysers aan 'n opleidingsinrigting en nie aan 'n universiteit hul professionele opleiding moet geniet. Of 'n opleidingsinrigting beter as 'n universiteit vir voorgenoemde doel is, hang dit myns insiens grotendeels af van die fasiliteite van sodanige inrigtings en die bekwaamheid van die professore en lektore.

(ix) Cillie verlang dat die onderwyser buite skool vry moet wees om sy politieke opinies uit te spreek sonder om 'n voorvegter van die een of die ander politieke party te wees of hom in die een of die ander politieke party te begewe. Wat laasgenoemde betref, onderskrywe ek wat prof. Coetzee sê dat „ook op hierdie terrein moet die opvoeder eerder leier en gids as agent en propagandis wees. Sy leiding betref eintlik groot volksvraagstukke en nie kleinlike politieke handelinge nie. Hy moet stilweg maar kragdadig hervormend en verbeterend op die politieke terrein inwerk" (1). Aktiewe deelname aan party-politieke bedrywighede dra ook nooit die

onverdeelde goedkeuring van die hele gemeenskap weg nie.

(x) Ek is nie ten gunste daarvan dat die owerheid deur wetgewing moet bepaal wat die onderwyser mag en nie mag doen nie. Weens die baie regulasies en ordonnansies van owerheidsweë is die onderwyser se vryheid vandag so beperk dat daar van 'n status van die onderwyser omtrent geen sprake kan wees nie. Die opvoeder geniet ook baie min beskerming omdat hy afhanklik is van die willekeur van amptenare. Die gevolg hiervan is dat sy professie onseker gemaak word. Die gekonsentreerde opleiding van die onderwyser, die hoeveelheid tyd wat dit in beslag geneem het, die hoë koste daaraan verbonde, is genoegsame dinge waarom die staat volle beskerming aan die opvoeder wat steeds gewillig is om die staat te dien, moet verleen.

(xi) Waarom Cilliè so 'n krag in die onderwyswêreld was, soveel tot stand gebring het en waarom sy woord soveel gewig gehad het, selfs by hoëre outoriteite, was omdat hy vroeg en laat verkondig en geglo het aan die solidariteit van die onderwysprofessie.

(xii) Omdat sy hele lewe een van diens teenoor sy volk was, het hy dit ook van andere verlang maar veral van die onderwyser.

(xiii) Die omvang van Cilliè se bydrae in verband met die opleiding van onderwysers in Suid-Afrika

'1) Coetzee, J.C. : Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde bls. 76.

kan moeilik gemeet word. Dit is ook baie moeiliker om te bepaal hoe sterk en blywend die invloed is, wat daar van hom uitgegaan het. Die ongeveer vierduisend onderwysers wat deur hom opgelei is, getuig van die besieling wat van hom uitgegaan het. Hy het vir sy kwekelinge die voorbeeld gestel van wat hy van hulle as toekomstige onderwysers verwag. Hy het sy stempel op baie van hulle afgedruk.